

# TERPSICHORIA.

Dansklub vir Studente, Dosente en Administratiewe Staf van die Universiteit van Stellenbosch.

1935. 11/

*PRESIDENT:*

Prof. Dr. F. E. J. Malherbe.

*VICE-PRESIDENTE:*

Mnr. M. W. Black.

Dr. J. H. Botha.

Mnr. W. B. de Villiers.

Mnr. O. T. de Villiers.

Dr. B. J. Dippenaar.

Prof. Dr. C. G. W. Schumann.

Prof. Dr. P. Serton.

Prof. Dr. I. van Zyl Steyn.

---

## BESTUUR:

*Konvener:* G. J. Pienaar.

*Sekretaris:* Malan de Kock.

A. S. le Roux.

P. Oosthuisen.

Jock Smit.

James Yeats.



# Terpsichoria se Grondwet.

**Art. 1:**

Die naam van die klub is TERPSICHORIA.

**Art. 2:**

Die doel van die klub is om aangename dansvermaak onder gesonde toestande te bevorder.

**Art. 3:**

(a) Die klub word beheer volgens besigheidsbeginsels. Dit wil sê, die Organiserende Bestuur ontvang vergoeding vir werk wat gedoen word.

(b) Die werk in verband met die hou van danse sal uitgevoer word deur 'n studentebestuur bestaande uit 'n Konvener, Sekretaris en vier Addisionele Lede.

(c) Die Konvener is ipso facto hoof van die klub maar sal nie die Voorsitterstoel inneem op vergaderings van lede nie.

(d) Op bestuursvergaderings sal die Konvener beskik oor 'n gewone sowel as 'n beslissende stem.

**Art. 4:**

(a) Die Konvener is verantwoordelik vir die uitvoer van alle besluite op Algemene en Buitengewone vergaderings geneem en sal die werk in verband met die besluite onder die Bestuurslede en homself verdeel, soos uiteengesit in Subseksies B, C en D van hierdie Artiekel.

(b) Die Konvener is verantwoordelik vir alle organisasie-werk waaraan geldelike sake

verbonde is, soos die huur van die saal, orkes ensomeer. Hy ageer dus terselfdertyd as Tesourier.

(c) Die Sekretaris is verantwoordelik vir alle penne-werk wat in geen verband staan met geldelike sake nie.

(d) Die vier Addisionele Lede sal verantwoordelik wees vir die verkoop van kaartjies.

(e) Die Bestuur is verantwoordelik vir die belegging van vergaderinge.

(f) Werk wat buite bogenoemde indeling val sal deur die Bestuur onder Bestuurslede verdeel word.

Art. 5:

(a) Die Konvener kry as vergoeding vir sy dienste (i) Vrystelling van die jaarlikse subskripsie; (ii) Fooie vir buitengewone danse asook (iii) 'n Geldelike vergoeding van vyftien sjielings (15/-) per gewone en buitengewone dans. Ingeval een van die danse dien as die offisiële Jaarlikse Funksie van die klub sal hy 'n vergoeding van vyf-en-twintig sjielings (25/-) ontvang.

(b) Subseksie A van hierdie artiekel geld ook vir die Sekretaris maar sy geldelike vergoeding sal wees vyf sjielings (5/-) en tien sjielings (10/-) onderskeidelik.

(c) Die Addisionele Komiteelede kry alleen vrystelling van subskripsies.

Art. 6:

(a) Die maksimum ledetal van die klub sal wees tagtig (80) bestaande uit: — President en Vice-Presidente, Docente, die Administratiewe Staf en Studente van die Universiteit van Stellenbosch.



(b) As studente word beskou diegene wat lede is van die Studente-Unie van die Universiteit van Stellenbosch.

(c) Indien daar meer as 80 persone aansoek doen om lidmaatskap berus dit by die Bestuur aan wie lidmaatskap toegestaan sal word.

(d) Mits die maksimum van tagtig (80) lede, soos in Subseksie A van hierdie artiekel bepaal, nog nie voltallig is nie, mag die Bestuur volgens eie oordeel oudstudente toelaat as lede om die vakature op te vul vir die lopende ses maande.

(e) Indien die maksimum hierna nog onvolbrag is het die Bestuur die reg om aan goedgekeurde buitestaanders besondere kaartjies te verkoop. Ook mag die Bestuur, by afwesigheid van lede op danse, besondere kaartjies aan buitestaanders verkoop om die getal te bereik vir 'n bepaalde dans. Besondere kaartjies mag net vir die dans wat op hande is verkoop word.

(f) Aan die begin van elke jaar sal 'n vergadering belê word deur die Bestuur van die vorige jaar waarop die Bestuur vir die betrokke jaar moet gekies word en by wie skriftelike aansoek om lidmaatskap gedoen moet word.

(g) Alleen lede beskik oor 'n stem op Algemene en Buitengewone vergaderings en as lede word beskou Bestuurslede en die persone wat die vasgestelde subskripsie betaal

het. Persone wat in besit is van besondere kaartjies word nie as lede beskou nie.

Art. 7:

(a) Binne 'n week na elke dans moet 'n vergadering van lede gehou word, waarvoor 'n kworum bestaan uit een-vierde van die ledetal nodig sal wees.

(b) Op elke vergadering sal 'n Voorsitter vir die geleentheid gekies word uit die aanwesige lede.

(c) Die Agenda op die vergaderings sal, onder andere, die volgende bevat:—(i) Notule van die verrigtinge van die vorige vergadering.

(ii) Die Konvener se geldelike verslag van die pas afgelope dans, behoorlik onderteken deur minstens helfte van die Bestuurslede uitgesluit die Konvener. Die Bestuur uitgesluit die Konvener ageer dus as ouditeurs. Lede het die reg om die boeke te ondersoek onder toesig van die Konvener.

(iii) Enige mosies insake grondwetlike veranderinge of byvoeginge waarvan kennis geneem is op die vorige vergadering.

(iv) Besonderhede van die volgende dans.

(d) Kennisgewings van Gewone Lede-vergaderings moet ten minste ag-en-veertig (48) uur voor die tyd verskyn.

(e) Kennisgewings van buitengewone vergaderings moet ten minste vier-en-twintig (24) uur voor die tyd verskyn en op die vergaderings sal alleen behandel word die spesiale



saak of sake wat die byeenroeping van die vergadering genoodsaak het.

(f) Alleen lede het die reg om aan die werksaamhede op vergaderings van lede deel te neem en die Voorsitter is by magte om enige nie-lid te versoek, of, indien nodig, te gebied, die vergadering te verlaat.

(g) Indien daar geen kworum is op 'n vergadering nie kry die Bestuur ipso facto volmag om alle sake wat voor die vergadering sou gelê word finaal af te handel. Vir 'n Bestuursvergadering is 'n kworum bestaande uit twee-derdes van die Bestuurslede 'n vereiste.

Art. 8:

(a) Vir die aanname van mosies soos bepaal in Artiekel 7 (c) (iii) is 'n drie/vierdes (drie tot een) meerderheid stemme van die teenwoordige lede 'n vereiste.

(b) Alle voorstelle en mosies vallende buite Artiekel 7 (c) (iii) vereis vir aanname alleen 'n meerderheid.

Art. 9:

Geen alkoholiese dranke sal op gewone klubdanse deur die klub bedien word nie, tensy dit dien as offisiële jaarlikse funksie van die klub. En ook geen verversings nie. Dit word egter verwag van die Bestuur om te sorg dat daar verversings te koop aangebied sal word.

Art. 10:

(a) Subskripsies is betaalbaar jaarliks of halfjaarliks, maar 'n halfjaarlikse subskripsie

sal vyf/agstes van die jaarlikse subskripsie wees, (tot die naaste 6 pennies).

(b) Nie-studente lede betaal vyf/vierdes (tot die naaste 6 pennies) van die jaarlikse subskripsie van 'n studente-lid. Sy halfjaarlikse subskripsie sal vyf/agstes van die jaarlikse subskripsie wees (tot op die naaste 6 pennies).

(c) Daar sal 'n minimum van ses gewone danse per jaar gegee word; nie minder as een per kwartaal en nie meer as drie per semester nie.

(d) Alleen die helfte van die jaarlikse subskripsie mag vir danse in die eerste semester gehou, gebruik word.

(e) Indien daar buitengewone danse gehou word sal die lede nie met hul lidmaatskapkaartjies toegelaat word nie, tensy die lede grondwettiglik daartoe besluit.

(g) Die klub is geregtig op enige winste op 'n buitengewone dans, asook verantwoordelik vir enige verlies tensy grondwettiglik anders besluit is.

(h) Lidmaatskap- en andere kaartjies is on-oordraagbaar en nadat lidmaatskap- en andere kaartjies verkoop is word geen geld vergoed nie, al woon die geregtigde persoon die danse nie by nie.

(i) Die Bestuur sal vasstel wat die pryse van lidmaatskap- en andere kaartjies sal wees.

**Art. 11:**

(f) Geen geld, programme ensomeer behorende tot die klub mag nie vir buitegewone



danse gebruik word nie, tensy die lede grondwettiglik daartoe besluit.

'n Lopende bankrekening sal namens die klub aangegaan word en genoeg geld sal aan die einde van die jaar oorgebly laat word om die rekening tot die daaropvolgende jaar lopende te hou.

**Art. 12:**

Die President, Vice-Presidente en die Bestuur word jaarliks gekies.

**Art. 13:**

Die Bestuur mag na eie oordeel sake reël mits hulle die grondwet nie oorskrei nie.

**Art. 14:**

Daar sal uitsluitlik in aanddrag gedans word.

**Art. 15:**

Geen toeskouers sal by danse toegelaat word nie.

**Art. 16:**

Aan die einde van elke jaar sal die Konvener 'n verslag opstel wat die afgelope tydperk van die werksaamhede van die klub sal behandel, en wat op die laaste vergadering ter bekragtiging voorgelê sal word. Kopieë van hierdie verslag moet aan die einde van die jaar aan die President en Vice-Presidente gestuur word.

**Art. 17:**

Die President en Vice-Presidente sal skriftelik in kennis gestel word van die klub se danse.

Art. 18:

Die Komitee sal die mag hê om op klubdanse tugtigend op te tree waar daar blyke is van wangedrag onder teenwoordiges. En die Komitee sal die reg hê om 'n dergelike wangedragende te gebied om die gebou te verlaat. Verder mag die Komitee enige lid sy lidmaatskap ontsê, na grondige ondersoek in gevalle van vermeende wangedrag sonder vergoeding van sy inbetalings.

Art. 19:

Indien lede, besoekers na 'n klubdans wil uitnooi sal hulle eerste geregtig wees op die besondere kaartjies wat daar nog verkrygbaar mag wees maar moet egter die gewone som soos deur die Bestuur vasgestel betaal. Die Bestuur sal besluit of in 'n dergelike geval kaartjies toegestaan sal word al dan nie.

## TERPSICHORIA-LIED.

Vriende, ons sal sterwe
Vir ons Eike-stad verruk:
Drink saam op die lewe,
En 'n glas op jong geluk;
Drink saam, drink saam,
En 'n glas op jong geluk.
'n Lied, 'n soen, 'n kantjie bier—
Die leuse van studente hier;
Ons sing, ons dans die heel nag deur—
Wie weet wat môre gaan gebeur?
Miskien is jy in ander land,
Wyl ek nog sukkel hierdie kant:
Studente leus—bly jy tog hier—
'n Lied, 'n soen, 'n kantjie bier.

No. 25 1935.

**Nie Oordraagbaar Nie.**

Op vertoning van hierdie kaartjie laat

Mnr. A. de V. Cluver.

en metgesel vry toe tot gewone danse van

TERPSICHORIA.

Konvener

Sekretaris

*LET WEL.—Hierdie Kaartjie is uitgereik onderhewig aan die grondwet van genoemde klub en verleen nie toegang tot* ***buitengewone*** *danse nie.*

# JAC. J. DU TOIT
## & KIE.

Die Offisiële Studente Kleremakers en Uitrusters van Stellenbosch.

nooi u hartelik uit om hulle nuwe voorrade te kom besigtig.

Ons Spesialiseer in

# AANDPAKKE

en elke bestelling geniet ons persoonlike aandag.

Slegs die beste Materiaal en Voerings word gebruik en volle bevrediging word gewaarborg.

BESTEL NOU EN WEL BY

## JAC. J. DU TOIT & KIE.,

**Pleinstraat, Stellenbosch.**